

## HARTLIK WELKOM BY LUX MUNDI!

Ons naam **Lux Mundi** beteken:
**“Lig vir die Wêreld”.**
Dis presies wat ons wil wees – Ons wil God se lig helder deur ons laat skyn, mekaar inspireer en ander saamnooi om in ritme met God Jesus te volg!

**KOM SOOS JY IS!**

**WORD VERNUWE!**

**MAAK ’N IMPAK!**

## HOE KAN EK DEEL WORD VAN DIE FAMILIE?

- **Meld aan** voor of na die erediens (Sondagoggende om 09:00) by die tafel voor in die kerk of by die Inligtingstoonbank.
- **Kom drink saam tee/koffie.** Kom drink gerus saam tee na élke erediens. Ons wil jou graag beter leer ken en saam kuier.
- **Ons sal jou graag wil besoek.** Na aanmelding sal een van ons leraars jou kontak en ’n afspraak maak vir ’n tuisbesoek.

**Ons nooi jou om saam met ons in ritme met die Lewende God te leef en Koning Jesus te volg!**

**Inskrywingsvorms vir lidmaatskap, kinder- en tienerbediening, doop en meer beskikbaar op ons webtuiste.**


info@luxmundi.org.za
www.Luxmundi.org.za
012 998 8801
685 Floris St, Garsfontein, Pretoria, 0042


# LUX MUNDI

# In ritme met God



# 2025

'n Familie wat Koning Jesus volg

## HOE TREE ONS OP?

Ons leef en ontvang gasvry, bou verhoudings met mense, leef diensbaar en relevant in die gemeenskap. Daarmee bevorder ons 'n kultuur waarin mense kan floreer en ander spontaan innooi!

## ONS FOKUS OP DIE VOLGENDE:

- Die avontuur om deur Jesus gestuur te wees!
- Eredienste as dinamiese en hartlike ontmoetings
- Families wat in ritme met God leef



## ONS STRATEGIE:

- Ons dink en beplan vanuit 'n geïntegreerde familie-bediening
- Ons help mekaar om in ritme met die lewende God te lewe
- Ons vier saam fees en nooi mense om die volheid van die lewe te beleef

## EREDIENSTE:

**09:00** Ons gewone oggenderediens (Gemeentesentrum)
**09:00** Oostvallei (fokus op seniors)
**15:30** Sepedi - erediens (Bosaal)
**17:30** Ligweg se aanddiens is meer informeel en fokus op families (Jeugsentrum)

## KINDER- EN JEUGBEDIENING:

**Dissipelland (Kinderbediening)**
**2 jariges - Gr 6**
Sondagoggende om 09:00 - 10:30 (gelyklopend met die oggenddiens). Die kleuters gaan direk na die kleuterterrein. Gr 1-6 begin saam in die Jeugsentrum vir Worship, waarna Gr 4-6 Tent toe gaan.



**Ligweg (Jeugbediening)**
**Gr 7 - Gr 11**
Die tieners woon Ligweg se erediens om 17:30 by en skakel daarna om 18:30 in by Crew-groepe (Kategesegroepe). Ouers en families is baie welkom by die Aanddienste. Ouers se deelname word sterk aangemoedig - dit bevorder verhoudings en huisgeloof!

**Community (Matrieks en Studente)**
Matrieks en naskoolse jongmense kom Sondagaande om 18:30 in die Bosaal (direk na die aanddiens) bymekaar en inspireer mekaar met aktuele geloofsgesprekke.




## CARPE DIEM SENIORBEDIENING:

'n Lewendige en aktiewe Seniorbediening, Carpe Diem, word gelei deur Dr Jan Cloete. Dit behels 'n verskeidenheid van geleenthede, onderlinge sorg, sinvolle ouerword en bediening van seniors aan seniors.

## GEMEENSKAPSBEDIENING:

Ons gemeenskapsbediening word gelei deur **Pharos Gemeenskapsentrum (Jacquelinerylaan 777)**, die Gemeente se nie-winsgewende organisasie. Dit is Lux Mundi se professionele dienswerk en hande en voete in die gemeenskap. Pharos bied ruim geleentheid vir dienswerk en deelname in die gemeenskap.
**Pharos kontaknommer:** 012 993 5908.

## GROEIGROEPE:

**Groeigroepe** is 'n wonderlike geleentheid om nuwe vriende te ontdek en saam die avontuur te beleef om Jesus te volg en saam te groei in geloof. **Navrae en inskrywings: Meld aan by die Inligtingstoonbank of tafel voor in die kerk.** Die groeigroepbediening sal dit verder neem en jou kontak.